

'N ANALITIESE BESKOUING VAN DIE
KOSTE- EN WINSBEPALING VAN 'N NYWER-
HEID BY VERSKUIWING NA 'N TUIS-
LAND MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE
MEUBELBEDRYF

II

'N ANALITIESE BESKOUING VAN DIE KOSTE- EN WINSBEPALING
VAN 'N NYWERHEID BY VERSKUIWING NA 'N TUISLAND MET SPE-
SIFIEKE VERWYSING NA DIE MEUBELBEDRYF

deur

L.P.S. ROETS HONNS. - B.COMM.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die
graad

MAGISTER COMMERCII

(BEDRYFSREKENINGKUNDE)

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOER ONDERWYS

POTCHEFSTROOM

Leier: Prof. dr. A.J.E. Sorgdrager

DESEMBER 1971.

III/...

III

Opgedra aan my vrou, Lacea,
en my kinders, Johan en Marna.

IV/...

VOORWOORD EN BEDANKINGS:

Vir die meeste buitestaanders is 'n fabriek slegs 'n plek waar een of ander produk vervaardig word en die nyweraar die persoon aan wie die fabriek gewoonlik behoort en wat deel in die winste van die onderneming.

Wanneer 'n persoon meer intensief met so 'n fabriek en die nyweraar gemoeid raak, word beseef dat daar baie probleme en vraagstukke is, waarvoor daar daaglikse oplossings gevind moet word. Hierdie vraagstukke bestaan gewoonlik uit een of meer van die volgende:

Finansieringsbehoefte
 Produksieprobleme
 Bemerkingsprobleme
 Arbeidsvraagstukke
 Uitbreidingsmoontlikhede.

As gevolg van die rassevraagstukke waarmee die Republiek van Suid-Afrika te doen het, is die probleem met Bantoe-arbeid, in die stedelike gebiede, een van die grootste vraagstukke waarmee die meeste nyweraars vandag te doen het. Die oplossing van hierdie probleem lê duidelik in die verskuiwing van die onderneming na 'n gedesentraliseerde gebied.

So 'n verskuiwing kan egter nie ipso facto gedoen word nie. Daar moet vooraf bepaal word of so 'n verskuiwing ekonomies en in belang van die betrokke onderneming sal wees.

V.

Die tyd en kennis bestaan ongelukkig nie om nyweraars in staat te stel om so 'n ekonomiese lewensvatbaarheidstudie te doen nie.

Dit verg 'n goeie teoretiese sowel as praktiese kennis en daarom wil ek my leier Prof. dr. A.J.E. Sorgdrager, in besonder, en die ander doserende personeel van die Potchefstroomse Universiteit bedank vir die teoretiese fondament waarop ek in die praktyk kan bou.

Aan die bestuur en my kollegas van die Bantoe-belegingskorporasie my dank vir die hulp en vergunning wat hierdie studie moontlik gemaak het.

'n Besondere woord van dank aan Mev. Elize Henning wat die tikwerk gedoen het en Mev. Con Luyt vir die taalkundige versorging van die skripsie.

Aan my moeder, wat dit vir my, onder baie moeilike omstandighede, moontlik gemaak het om my studies na skool voort te sit en ook gedurig aangespoor het, my opregte dank.

Hiermee wil ek ook 'n woord van opregte dank rig aan my vrou en kinders, aan wie ek hierdie skripsie opgedra het, vir die aanmoediging en hulpvaardigheid wat die voltooiing van my studies moontlik gemaak het. Dit was hulle wat die meeste opofferings gemaak het gedurende my nagraadse studie.

VI

Bo alles, my diepste dank aan my Skepper - Want
uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. -

15 Desember 1971.

VII/...

VII

I N H O U D S O P G A W E

INLEIDING	1
1. Belangrikheid van Desentralisasie in Suid-Afrika	1
2. Die doel van die studie	5
3. Studieterrein	6
4. Metode van ondersoek	7
5. Indeling van die studie	7
HOOFSTUK I - Begripsomlyning	9
1. Inleiding	9
2. Begripsomlyning	9
2.1 Tuisland	9
2.2 Desentralisasie	9
2.3 Desentralisasieraad	10
2.4 Konsessies	10
2.5 Babelegi	10
2.6 Grensinkomste	11
2.7 Gelykbrekingspunt	11
HOOFSTUK II - Toegewings wat aan nyweraars beskikbaar is	12
1. Inleiding	12
2. Toegewings	12
2.1 Kontantskenking	12
2.2 Grond en geboue	13
2.3 Finansiële hulp	13
2.4 Vrystelling van inkomstebelasting	14
2.5 Behuisingstoelae	14
2.6 Tendervoorkeure	14
2.7 Vervoerkoste	15
2.8 Ander toegewings	15
3. Samevatting	16

HOOFSTUK III - Koste-oorwegings by beplande verskuiwing.	17
1. Inleiding	17
2. Kostenadele	18
2.1 Meetbare kostenadele	18
2.1.1 Vervoerkoste	18
2.1.2 Verskuiwingskoste	19
Aftakelings en installeringskoste van masjinerie. Vervoerkoste van huidige voorrade. Vervoerkoste van voertuie en personeel.	
2.1.3 Koste van veranderde krag- en wa- tertariewe en telefoonkoste	21
2.1.4 Koste in verband met herstelwerk aan masjinerie en tegniese toe- rusting	22
2.1.5 Koste van groter voorrade	23
2.1.6 Koste van bestuurskontrole vanaf hoofkantoor	24
2.1.7 Koste van opleiding	25
2.1.8 Koste om huidige personeel te behou	26
2.1.9 Koste van verspreidingsdepot	27
2.2 Nie-meetbare kostenadele	28
2.3 Samevatting	29
3. Kostevoordele	30
3.1 Huur van grond en geboue	30
3.2 Lenings vir masjinerie en bedryfskapi- taal	31
3.3 Arbeidskoste	31
3.4 Loonwetgewing	32
3.5 Onderhoudskoste van geboue	32

3.6	Waardevermindering	33
3.7	Beleggingstoelae ten opsigte van masji- nerie	33
3.8	Besparing op kapitaal	33
3.9	Tendervoorkeure	34
3.10	Samevatting	34
4.	Slotopmerking	34
HOOFSTUK IV - Koste- en Finansiële Analise.		36
1.	Inleiding	36
2.	Analisering en verwerking van vervaardigings- rekening.....	37
2.1	Doel van verwerking	37
2.2	Vervaardigingsrekening	37
2.3	Addisionele inligting	38
2.3.1	Voorraad	39
2.3.2	Basis van voorraadwaardasie	39
2.3.3	Produkmengsel- en prysveranderinge	41
2.4	Metode van verwerking	42
3.	Samestelling van vervaardigings-, wins- en verliesrekening	45
3.1	Saamgestelde vervaardigings-, wins- en verliesrekening	45
3.2	Die doel van die samestelling	47
3.2.1	Materiaalkoste tot netto verkope ..	47
3.2.2	Fabriekslone tot netto verkope	47
3.2.3	Bydrae tot netto verkope	48
3.2.4	Netto wins (voor belasting) tot netto verkope	48
4.	Balansstaat	48
4.1	Inleiding	48
4.2	Metode van verwerking	49
4.3	Addisionele inligting	51
4.3.1	Uitstaande debiteurs- en kredi- teurstotale	51
4.3.2	Bank oortrekkingsfasiliteite	52
5.	Slotopmerking	52

HOOFSTUK V - Praktiese toepassing in die Meubel- bedryf.	54
1. Inleiding	54
2. Toepassing en verwerkings ten opsigte van A.B.C. Meubelvervaardigers (Edms.) Bpk.	56
2.1 Ontleding van koste en finansiële gewens	56
2.1.1 Addisionele inligting	56
2.1.2 Verwerking van vervaardigings- rekening	57
2.1.3 Samestelling van vervaardigings- wins- en verliesrekening	60
2.1.4 Kommentaar	62
2.1.5 Die Balansstaat	62
2.2 Begrotings	65
2.2.1 Verkoopsbegroting	66
2.2.2 Kapitaal- en produksiebegroting ...	68
2.3 Koste- en finansiële begroting	71
2.3.1 Administratiewe en verkoopsbegro- ting	71
2.3.2 Vaste fabriekskoste begroting	78
2.3.3 Direkte koste begroting	79
2.3.4 Ander inkomste begroting	80
2.3.5 Veranderlike fabrieksbokoste begro- ting	81
2.3.6 Opsomming	81
2.3.7 Vervaardigings-, wins- en verlies- rekening	83
2.3.8 Balansstaat	85
3. Samevatting	91
Lys van geraadpleegde werke	94

XI

BYLAE

A:	Konsessies	95
B:	Geouditeerde rekeninge van A.B.C. - 1968	96
	1. Balansstaat	96
	2. Vervaardigings- en Handelsrekening	98
	3. Skedule van uitgawes	99
C:	Geouditeerde rekeninge van A.B.C. - 1969	101
	1. Balansstaat	101
	2. Wins- en Verliesrekening	103
	3. Vervaardigingsrekening	104
	4. Skedule van uitgawes	105
D:	Geouditeerde rekeninge van A.B.C. - 1970	106
	1. Balansstaat	106
	2. Wins- en Verliesrekening	108
	3. Vervaardigingsrekening	109
	4. Skedule van uitgawes	110
E:	Kosteraming van grond en geboue	111

INLEIDING

1. BELANGRIKHEID VAN DESENTRALISASIE IN SUID-AFRIKA

Desentralisasie van ekonomiese aktiwiteite in die algemeen en desentralisasie van nywerhede in die besonder, is as beleid deur baie lande in die wêreld aanvaar, en lande soos Frankryk, Italië, Engeland en die V.S.A. is al 'n geruime tyd aktief daarmee besig.

Die ongekende nywerheidsontwikkeling wat Suid-Afrika, veral in die na-oorlogse jare, ondervind het, het 'n geweldige bevolkingsdruk op die nywerheidsentra van die Republiek laat ontstaan en aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid van maatskaplike en ekonomiese probleme wat baie gekompliseer word deur die heterogene bevolkingsgroepe waarmee Suid-Afrika te doen het.

Die redes vir gedesentraliseerde ekonomiese ontwikkeling is egter basies dieselfde vir alle lande. Hierdie redes is kortliks die volgende:

1.1 Die sosiologiese nadele van groot konsentrasie van mense.

Die sosiologiese nadele is nie altyd meetbaar nie, maar die hedendaagse permissiwiteit, misdaad, kerkloosheid, gesinsverbrokkeling en die neiging tot die gebruik van dwelmmiddels moet direk toegeskryf word aan die samedromming van

mense. In kleiner gemeenskappe kom hierdie euwels relatief minder voor.

In die Republiek kan die aftakeling van hierdie lewensnorme nie toegelaat word nie, aangesien die voortbestaan van die Blanke beskawing daarmee saamhang.

1.2 Die ekonomiese nadele van konsentrasie van die bevolking.

Die verhoogde koste vir die individu, die gesin, die plaaslike gemeenskap, die plaaslike owerheid en die provinsiale en sentrale owerhede, wat die ekonomiese nadele van die sametrekking van mense in groot stede meebring, is nie altyd oogglopend nie, bv. die verhoging van die pryse van boupersone in die stedelike gebiede; die verkwisting van brandstof en slytasie van motorvoertuie van duisende persone wat elke oggend en aand tussen hulle huis en werkplek moet beweeg en daarby die verlies van waardevolle tyd en verlore manure as gevolg van verkeersongelukke. Die owerhede moet ook voortdurend voorsien in die stygende behoeftes van die publiek ten opsigte van skole, strate, parke, parkeergeriewe, ontspanningsfasiliteite en ander openbare geboue, terwyl die relatiewe skaarsheid van grond in die groot stedelike komplekse die pryse verhoog en daardeur buitengewone swaar laste

vir die owerhede en die individu meebring.

1.3 Lugbesoedeling.

Die probleem van lugbesoedeling word deesdae ook al meer en meer beklemtoon en groot koste word aangegaan om die oormatige lugbesoedeling, wat by groot stedelike komplekse ontstaan, die hoof te bied.

1.4 Beperktheid van Infra-struktuur.

Wanneer stedelike komplekse so vinnig groei, soos oor die afgelope twee dekades in die Republiek die geval was, word daar ten opsigte van die infra-struktuur gou 'n optimum bereik. Openbare dienste soos telefoon, teerpaaie, riole-ring ens. kan bv. nie altyd tred hou met die fenomenale uitbreiding van die groot stedelike komplekse nie en lang waglyste vir die verkryging van hierdie dienste ontstaan. Die uitbreiding van die infra-struktuur, nadat dié optimum bereik is, kan soms ook net geskied teen geweldige hoë koste. Die beperktheid van die bestaande infra-struktuur word baie sterk beklemtoon deur die beperkte waterbronne wat op die oomblik in sekere nywerheidsentra van Suid-Afrika ondervind word en ook vir die toekoms voorsien word. Verder is daar ook die probleem van spoorverkeer vir sowel goedere as passasiers. Daar word bv. beweer dat die spoor-

verkeer van Johannesburgstasie in 1975 die maksimum uitbreidingsmoontlikheid sal bereik.

Behalwe bogenoemde universele redes vir die desentralisasie-idee, het die Republiek van Suid-Afrika, as gevolg van die beleid van Tuislandontwikkeling vir die verskillende bevolkingsgroepe, 'n verdere eiesoortige rede vir desentralisasie. Die gedagte is om die werk te neem na waar die arbeidskrag in die gesinsverband saamgetrek is, maar waar werkgeleenthede relatief skaars is. Dit kan ook meewerk om die toeloop van Bantoes na die reeds bestaande stedelike komplekse te verminder en 'n groot bydrae lewer tot die ontwikkeling van die onderontwikkelde Tuislandgebiede.

Die fabriekswese sal 'n groot bydrae moet lewer by die toepassing van die desentralisasieprogram, aangesien dit die sektor is wat, in toenemende mate, die mees dinamiese faktor in die ekonomiese ontwikkeling van die Republiek word.

Die belangrikheid van desentralisasie in Suid-Afrika is 'n geruime tyd gelede reeds besef en daar is begin met die desentralisasie na die grensgebiede. Aangesien dit slegs 'n gedeeltelike oplossing gebied het vir die onttrekking van Bantoes uit die stedelike gebiede, is 'n verdere fase van

desentralisasie nl. desentralisasie na Bantoe-tuislande, in werking gestel.

2. DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Met die verskerpte pogings van die Regering van die Republiek, oor die afgelope twee jaar, om die ontwikkeling van die tuislande te versnel, asook die beperkende faktore vir die uitbreiding van nywerhede in reeds bestaande nywerheidsentra, het desentralisasie van nywerhede na die tuislande, op die agentskapbasis, reeds sterk toegeneem.

Geen verskuiwing van 'n onderneming na 'n gedesentraliseerde gebied kan onderneem word, sonder dat die bestuur van die betrokke onderneming 'n deeglike ondersoek gedoen het na alle moontlike koste-aspekte en die winspotensiaal van die onderneming in die spesifieke gebied nie.

In die praktyk is gevind dat nyweraars, veral by kleiner ondernemings, nie altyd die tyd en in baie gevalle nie die nodige kennis het, om te bepaal of die beoogde verskuiwing op die langtermyn in die belang van die onderneming sal wees nie.

Die doel van die studie is dus om te probeer aantoon watter aspekte in ag geneem moet word by die bepaling van die kostevoor- en nadele wat met so 'n verskuiwing gepaard gaan, asook om 'n vereen-

voudigde metode te probeer vind om die winsgewendheid van die aktiwiteite van die onderneming, in die tuisland, te bepaal in die beperkte tyd wat die nyweraar tot sy beskikking het.

3. STUDIETERREIN

Hierdie skripsie handel in die besonder oor die besondere probleme waarmee vervaardigingsondernemings, wat na 'n Bantoetuisland wil desentraliseer, te kampe het. Die gedagte om te desentraliseer word by nyweraars deur verskeie oorsake gestimuleer, waarvan die behoefte aan bedryfskapitaal, uitbreidingskapitaal en beperkte produksiefasiliteite die belangrikste is.

By ondersoeke na ondernemings, uit verskeie bedryfstakke, wat aansoek gedoen het om na 'n Tuisland te verskuif ($\pm$ 20 ondersoeke), het geblyk dat baie min van die nyweraars kalkulasies doen om te bepaal watter kostevoordele of -nadele daar aan so 'n stap verbonde is. Daar word ook selde probeer om die winspotensiaal van die onderneming in die gedesentraliseerde gebied te bepaal, terwyl langtermynbeplanning, indien dit gedoen word, slegs vir een jaar vooruit gedoen word.

In hierdie skripsie sal dus gepoog word om te bepaal watter faktore 'n invloed kan hê op die hervestiging van 'n onderneming, hoe daar vir moontlike nadele vergoed kan word en hoe die nyweraar, met behulp van historiese finansiële- en kostegegewens,

die winspotensiaal van die gedesentraliseerde onderneming kan bepaal. Die metode om die winspotensiaal te bepaal, kan ook gebruik word om die langtermynbeplanning van die aktiwiteite van die onderneming te doen.

4. METODE VAN ONDERSOEK

Die insameling van die gegewens is in twee prosesse gedoen. Eerstens is literatuur en veral berigging in koerante oor die verskillende aspekte en implikasies van nywerheidsvestiging in die Tuislande nageslaan. Tweedens is verskeie ondersoeke in meubelfabrieke gedoen, met spesifieke klem op die koste- en winsaspekte na vestiging van die onderneming. Aandag is ook gegee aan die bemarkings- en produksiefaktore, omdat daar 'n noue verband bestaan tussen alle bestuursfunksies van 'n onderneming.

5. INDELING VAN DIE STUDIE

Die skripsie is soos volg ingedeel:-

Hoofstuk I

In hierdie hoofstuk word die omskrywing van sommige van die begrippe, wat in die werk gebruik word, gegee.

Hoofstuk II

In hierdie hoofstuk word 'n opsomming gegee van die belangrikste hulpmiddels wat van owerheidsweë verkry kan word om die nyweraar te vergoed vir moontlike koste-nadele wat 'n verskuiwing na 'n Tuisland kan meebring.

Hoofstuk III

Die moontlike kostevoor- en nadele wat 'n gedesentraliseerde onderneming kan hê, in vergelyking met sy vestigingsplek voor die verskuiwing, word beskou. Hoewel alle aspekte nie altyd van toepassing is by alle ondernemings nie, is daar sekere beginsels wat in gedagte gehou moet word.

Hoofstuk IV

Aangesien die koste nie altyd goed bekend is nie en die tyd by nyweraars ontbreek om kosteberekening en langtermyn vooruitbeplanning te doen, word hier 'n metode bespreek om met die beskikbare gegewens die winspotensiaal te bepaal en ook die langtermynbeplanning te doen.

Hoofstuk V

In hierdie hoofstuk word die metode wat in die vorige hoofstuk bespreek is, toegepas op gegewens wat bekom is deur die ondersoek van 'n Meubelfabriek. Die probleme wat ondervind is, word geanaliseer en moontlike oplossings word bespreek.

HOOFSTUK I

BEGRIPSOMLYNING

1. INLEIDING

Omdat daar in enige land gedurig nuwe ontwikkeling is, ontstaan daar ook gedurig nuwe terme en woorde wat deur verskillende persone verskillend geïnterpreteer kan word. Aangesien dit verwarring en wanbegrip kan veroorsaak, moet sulke terme duidelik omskryf word.

In hierdie hoofstuk sal 'n paar van die belangrikste begrippe wat in die skripsie gebruik word, omskryf word.

2. BEGRIPSOMLYNING:

2.1 Tuisland

Spesifiek afgebakende gebiede vir die verskillende etniese Bantoegroepe binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.

2.2 Desentralisasie

L.P. McCrystal definieer desentralisasie in sy boek (City, Town or Country, A.A. Bolhna Kaapstad 1969, op. cit., p. 3) as - the spread of industry and population into a limited area around an existing metropolis or city -

Met desentralisasie in hierdie studie word bedoel die verskuiwing van nywerhede vanaf die Blanke

gebiede na voorafbepaalde gebiede in die Tuislande. Die primêre doel van hierdie desentralisasie is dus die ekonomiese ontwikkeling van die Tuislande en daarmee saam die verskaffing van werkgeleenthede vir die inwoners van die betrokke Tuisland.

2.3 Desentralisasieraad

Dit is 'n liggaam wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika aangestel is. Een van die doelstellings van die raad is om aanbevelings aan die Minister van Finansies te doen aangaande die desentralisasie- en finansiële hulp wat van regeringskant aan nyweraars, wat beoog om te desentraliseer, toegestaan behoort te word.

2.4 Konsessies

Dit is die toegewings wat 'n nyweraar, wat van voorneme is om te desentraliseer, ontvang om te kompenseer vir die moontlike koste-agterstand in die Tuisland, vergeleke met dié in die metropolitaanse gebied. Hierdie toegewings kan in die volgende vorms aangebied word: lae rentekoerse, lae huur van grond en geboue, belastingvrystellings, ens.

2.5 Babelegi

'n Infrastruktuur-toegeruste nywerheidsgroeipunt in die Tswana tuisland, ± 50 kilometer Noord van Pretori

2.6 Grensinkomste

Hieronder word verstaan die deel van verkope wat, nadat alle veranderlike koste verhaal is, beskikbaar is om vaste koste te verhaal en om wins te maak.

2.7 Gelykbrekingspunt

Verskillende outeurs beskryf hierdie begrip en stem min of meer ooreen dat dit die omset aandui wat voldoende is om al die koste te dek sodat geen wins of verlies gemaak word nie. Vergelyk in die verband: Kosten en Kostprijs - H.J. van der Schroeff (op. cit., p. 331); Kosprysberekening en -tegniek - A.J.E. Sorgdrager (op cit., p. 236); Cost Accounting Principles and Practise - J.W. Neuner (op cit., p 793); Die samestelling van die Wins- en Verlieskruispunt - J.C.M. van Niekerk en A.J.E. Sorgdrager (op. cit., p 17).

HOOFSTUK II

TOEGEWINGS WAT AAN NYWERAARS BESKIKBAAR IS

1. INLEIDING

Aangesien daar van owerheidsweë besef is dat daar sekere beperkende omstandighede ten opsigte van nywerheidsontwikkeling in die Tuislande is, is daar, na aanleiding van die Riekert-verslag,¹⁾ verdere toegewings en hulpmiddels aan nyweraars beskikbaar gestel om vir die agterstand in die aanvangsjare te vergoed.

Die toegewings, wat in die Witskrif van 1971 oor die desentralisering van nywerhede aangekondig is en in hierdie hoofstuk kortliks uiteengesit sal word, is die maksimum wat toegestaan kan word. Omdat die faktore, wat die vestiging van 'n bedryf beïnvloed, nie ewe belangrik vir alle nywerhede is nie, word elke geval op eie meriete behandel.

Die aangekondigde toegewings en hulpmiddels is kortliks die volgende:

2. TOEGEWINGS

2.1 Kontantskenking

Hierdie skenking is bedoel om die nyweraar te vergoed vir sy onmiddellike en direkte uitgawes in verband met die fisiese verskuiwing van sy fabriek en personeel. Dit dek onder meer die koste verbonde aan die aftakeling, vervoer en

1) Verslag van die interdepartementale Komitee insake die desentralisering van nywerhede. (11.6.71)

her-installering van toerusting, asook die ver-
voerkoste van personeel. Die vergoeding van
koste word slegs uitbetaal na bewyslewing van
die koste aangegaan.

2.2 Grond en Geboue

Aangesien blanke nyweraars geen grond of geboue
in Bantoegebiede mag besit nie, stel die ver-
skillende Korporasies²⁾ grond en geboue, volgens
nyweraars se spesifikasies, beskikbaar. Die huur
betaalbaar word bereken teen 'n rentekoers, wat
kan wissel van nul tot die heersende bankuit-
leenkoers, op die waarde van die grond, geboue
en gepaardgaande dienste.

Die termyn van die huurperiode word deur onder-
linge onderhandeling bepaal.

2.3 Finansiële hulp

Lenings vir masjinerie, toerusting en bedryfskapi-
taal word beskikbaar gestel teen rentekoerse wat
kan wissel van nul tot die heersende bankuitleen-
koers. Die terugbetalingsperiode van die lenings
word deur onderlinge onderhandeling bepaal. Hier
moet daarop gelet word dat die korporasies 'n on-
derneming alleen in 'n Tuisland sal vestig en fi-
nansiële hulp sal verleen indien die onderneming

2) Bantoe-Beleggingskorporasie van S.A. Bpk.
Xhosa-Ontwikkelingskorporasie van S.A. Bpk.

ekonomies lewensvatbaar is. Die eie fondse van die onderneming en die benodigde finansiële hulp mag ook nie 'n bepaalde verhouding oorskry nie, terwyl geen lenings toegestaan word vir vervangingskapitaal nie.

2.4 Vrystelling van inkomstebelasting

'n Vrystelling van die belasting betaalbaar, nadat die onderneming in die Tuisland gevestig is, word toegestaan aan die hoofonderneming en sy takke in die Tuisland of elders in die Republiek, mits die tuislandonderneming 'n volfiliaal van die hoofonderneming is. Die korting kan verdien word oor 'n periode van tien jaar.

2.5 Behuisingslenings

Lenings vir behuising van blanke kernpersoneel, tot 'n maksimum van R15 000 per wooneenheid, is beskikbaar teen 'n rentekoers van $2\frac{1}{2}\%$ benede die heersende bouverenigingkoers. Hierdie lenings is terugbetaalbaar oor 'n periode van 20 jaar.

2.6 Tendervoorkeure

2.6.1 Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling

Die tenderorganisasie van bogenoemde departement staan 'n prysvoorkeur van tot 10 persent toe op tenders ten opsigte van goedere wat in Bantoetuislande vervaardig word.

2.6.2 Ander Staatsdepartemente

Op goedere wat in goedgekeurde gedesentraliseerde gebiede vervaardig word, word op tenders van die Staatstenderraad en ander Staatsdepartemente 'n prysvoorkeur van tot 5 persent toegestaan.

2.7 Vervoerkoste

2.7.1 Spoorvragrabat

'n Spoorvragrabat van tot 15 persent kan toegestaan word ten opsigte van sekere gedesentraliseerde gebiede en ten opsigte van die uitwaartse vervoer van bepaalde soorte goedere wat in die geselekteerde gebied vervaardig word.

2.7.2 Rabat op hawegeld

Ten opsigte van alle goedere in die Transkei/Ciskei-gebied en wat deur die Oos-Londense hawe na ander Suid-Afrikaanse hawens verskeep word, sal 'n rabat van 25% op die hawegeld betaalbaar te Oos-Londen sowel as by die ontskepingshawes toegestaan word.

2.8 Ander toegewings

Die Regering het gedurende 1970 'n algemene beleggingstoelae van 15 persent op nuwe toerusting aan nyweraars in alle gebiede toegestaan. Die maksimum beleggingstoelae waarvoor nyweraars in toepaslike gevalle in die Bantoetuislande in aan-

merking kan kom, is ten opsigte van nuwe toerusting vanaf 35 persent tot 50 persent verhoog.

3. SAMEVATTING

Die nyweraar moet by die Desentralisasieraad aansoek doen vir die konsessies, wat daarop gemik moet wees om hom te vergoed vir sy verwagte koste-agterstand in die Tuisland. Dit is die plig van die nyweraar om die totale bedrag van die koste-agterstand te bewys, maar hy sal die vryheid behou om aan die Desentralisasieraad aan te dui in watter vorm(s) hy verkieslik die konsessies wil ontvang.

Ten spyte van die feit dat die konsessies deur die Desentralisasieraad aanbeveel en deur die Minister van Finansies in beginsel goedgekeur word, is dit 'n vereiste dat elke nyweraar die Korporasies in alle opsigte met betrekking tot hulle projekte tevrede sal stel, voordat die skenkings en/of lenings in geheel of slegs gedeeltelik uitbetaal sal word.

Bylae A (vgl. bl 95) toon die konsessie van maatskappy ABC, soos deur die Desentralisasieraad aanbeveel en deur die Minister van Finansies goedgekeur.

HOOFSTUK III

KOSTE OORWEGINGS BY BEPLANDE VERSKUIWING

1. INLEIDING

Koste-aspekte, wat met 'n verskuiwing na 'n Tuisland gepaard gaan, kan geskei word in kostevoordele en -nadele, waarvan sekere koste-items meetbaar is terwyl ander nie-meetbaar is nie. Baie van die nyweraars wat van voorneme is om te verskuif, neem nie altyd alle koste-aspekte in ag nie.

By die verskuiwing van enige gevestigde vervaardigingsonderneming vanaf die huidige standplaas na enige ander standplaas is daar sekere kostes wat aangegaan moet word, ongeag van die afstand tussen die twee standplase, soos bv. die aftakelingskoste van masjinerie en toerusting by die huidige standplaas en die installeringskoste van masjinerie en toerusting by die nuwe standplaas. Hierdie koste kan egter met 'n redelike mate van akkuraatheid bepaal word.

Met die verskuiwing van 'n onderneming na 'n Tuisland is daar ook ander koste, meetbaar sowel as nie-meetbaar, wat direk verband hou met die afstand wat die nuwe standplaas vanaf die mark van die eindproduk sowel as die bron van grondstowwe is.

In hierdie hoofstuk sal dus gepoog word om alle moontlike koste-aspekte by verskuiwing na 'n Tuisland te bespreek.

2. KOSTENADELE:

2.1 Meetbare kostenadele

2.1.1 Vervoerkoste

Dat daar 'n verandering in die vervoerkoste van 'n onderneming sal kom, indien dit na 'n Tuisland verskuif, is duidelik. Daar moet dus eerstens bepaal word of die onderneming ten opsigte van sy grondstowwe en/of verwerkte produkte vervoer-intensief is. Dit sal die belangrikheid van hierdie koste-item bepaal. Die verskil in die afstand wat die grondstofbron(ne) vanaf die huidige fabriek en die gedesentraliseerde fabriek sal wees, sowel as die metode en moontlike metodes van vervoer, moet bepaal en gebruik word om die addisionele vervoerkoste te bepaal.

Op dieselfde metode moet daar ook bepaal word of die verskuiwing nie ook 'n koste-nadeel sal hê ten opsigte van die afstand wat die gedesentraliseerde fabriek vanaf die mark van die verwerkte produkte is nie. Indien wel, moet die addisionele vervoerkoste bereken word.

Dit is ook baie belangrik dat ondersoek ingestel word na die metode en koste van verpakking, indien daar van 'n ander metode van vervoer vir verwerkte produkte gebruik ge-

maak moet word. As verpakkingskoste hoër is, is dit duidelik 'n addisionele vervoerkoste as gevolg van die verskuiwing.

Indien daar, as gevolg van die verskuiwing, 'n groot uitbreiding van produksie en verkope van die onderneming verwag word, kan die verhoogde vervoerkoste, as gevolg van die uitbreiding, nie as addisionele vervoerkoste van verskuiwing gesien word nie, maar net as vervoerkoste.

2.1.2 Verskuiwingskoste

2.1.2.1 Aftakelings- en installeringskoste van Masjinerie

Hier moet beseef word dat die aftakeling van die masjinerie en toerusting nie sonder koste kan geskied nie. Die grootte van die masjinerie sal tot 'n groot mate bepaal hoe hoog die aftakelingskoste sal wees. Dit is altyd 'n goeie beleid om van 'n paar kontrakteurs kwotasies te verkry om alle masjinerie in die fabriek af te takel, selfs al word alle masjiene nie verskuif nie.

Verder moet daar dan bepaal word wat die koste ten opsigte van die vervoer van die afgetakelde masji-

nerie na die nuwe standplaas is.

By die bepaling van die installeringskoste van die masjinerie, moet beide die koste van die ou sowel as nuwe masjinerie in berekening gebring word. Die elektriese bedrading en aansakeling moet hier ook beskou word as installeringskoste. Die vervoerkoste van nuut-aangekoopte masjinerie na die nuwe standplaas moet beskou word as deel van die aankoopprys van die masjinerie en nie as 'n verskuiwingskoste nie.

2.1.2.2 Vervoerkoste van huidige voorrade

Die voorrade ten opsigte van grondstowwe, onvoltooide werk, verbruikbare items en onderdele van masjinerie en toerusting, wat op die datum van verskuiwing op die huidige standplaas sal wees, moet na die nuwe fabriek vervoer word. Die koste vir die vervoer van hierdie goedere, wat duidelik alle verpakkings-, oplaai- en aflaaikoste insluit, is 'n direkte koste van verskuiwing en moet so akkuraat moontlik bepaal word.

2.1.2.3 Vervoerkoste van voertuie en personeel.

Die vervoerkoste van noodsaaklike voertuie van die firma wat verskuif, moet in een rigting teen staats-tariewe bereken word. Hierdie voertuie sluit die motors van besturende personeel en verkoopspersoneel in.

Die vervoer van personeel en hulle huishoudelike benodigdhede, soos meubels en ander persoonlike besittings, word hier ook beskou as 'n koste te wyte aan die verskuiwing. By die bepaling van hierdie koste, is dit die beste om 'n paar kwotasies van vervoerkontrakteurs te verkry.

2.1.3 Koste van veranderde krag- en watertariewe en telefoonkoste.

Die nyweraar moet vooraf vasstel wat die beskikbaarheid en tariewe van water en elektrisiteit by die nuwe vestigingsplek is, om hom sodoende in staat te stel om te bepaal of hierdie koste-items nie 'n addisionele kostelas vir die onderneming, na vestiging, sal meebring nie. In sommige gevalle, waar hierdie tariewe hoër is as dié in groot stedelike gebiede, word dit deur die Korporasies of die Tuislandowerheid

gesubsidieer om dit op dieselfde peil as dié in die stedelike gebiede te bring. Wat die telefoonkoste betref, moet in gedagte gehou word dat die onderneming, na vestiging, moontlik verder van sy grondstofbronne en sy afsetmark sal wees en daarom moet daar bepaal word wat die verhoging in telefoonkoste sal wees.

2.1.4 Koste in verband met herstelwerk aan masjinerie en tegniese toerusting.

Baie nyweraars misreken hulle met bogenoemde koste, veral in gevalle waar van geautomatiseerde masjinerie en toerusting gebruik gemaak word, en daar moet dus deeglik bepaal word watter addisionele koste-las die verskuiwing ten opsigte van hierdie koste-item sal meebring.

Eerstens is daar die koste verbonde aan die dra van groter onderdelevoorrade, aangesien daar nou nie meer „net oor die straat gehardloop" kan word om 'n gebreekte onderdeel te vervang nie. 'n Produksieproses kan nie vir 'n lang periode stilstaan, terwyl daar vir 'n onderdeel vanaf die stad gewag word nie.

Tweedens moet voorsiening gemaak word vir die hoër tariewe wat betaal sal moet word

om tegnisi vanaf die Blanke gebiede te kry om noodsaaklike herstelwerk aan masjinerie en toerusting te doen. Hier moet die nyweraar bepaal of dit nie dalk goedkoper sal wees om sy eie tegnikus in diens te neem nie.

Die ouderdom van masjinerie en toerusting, asook die aantal skofte wat gewerk sal word, sal 'n belangrike faktor by die bepaling van bogenoemde koste wees.

2.1.5 Koste van groter voorrade.

Dit is vir enige onderneming noodsaaklik om die regte hoeveelheid voorraad, van veral grondstowwe, op die regte tydstip te hê. Daarom is dit belangrik dat elke nyweraar ook die verband tussen die besteltyd, die afleweringstyd, die huidige voorraad en die kapasiteit van die produksieproses moet ken.

Daar moet dus besef word dat, indien die verskuiwing die onderneming verder van die grondstofbron(ne) af neem, daar veral rekening gehou moet word met die afleweringstyd asook die metode van aflewering. Aangesien 'n stilstand in die produksieproses 'n verlies van inkomste meebring, sal dit betalend wees om 'n groter voorraad te dra.

Die berekening van die addisionele koste van

verhoogde voorrade moet eerstens vir die huur van die groter stoorruimte en tweedens vir die rente op die geld, om vir die verhoogde voorraad te betaal, voorsiening maak.

2.1.6 Koste van bestuurskontrole vanaf Hoofkantoor.

In die gevalle waar die onderneming nie in geheel na 'n Tuisland verskuif nie, of waar slegs 'n filiaal van die onderneming verskuif word, is dit nie goeie beleid om vir die tuislandfabriek 'n volledige nuwe bestuurspan aan te stel nie. Daar word gewoonlik net 'n produksiebestuurder aangestel, terwyl die finansiële- en bemarkingsfunksies vanaf die hoofkantoor in die Blanke gebied uitgeoefen word.

Aangesien bestuursfunksies oor 'n groot afstand nie doeltreffend uitgeoefen kan word nie, sal daar redelik gereelde besoeke aan die gedentraliseerde fabriek gebring moet word deur die hoofkantoorpersoneel, wat verantwoordelik is vir die beheer van die betrokke bestuursfunksies. Hierdie koste moet bepaal word in terme van die vervoerkoste, sowel as die tyd van die personeel. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir verhoogde ouditfoois, aangesien 'n deel van die eksterne ouditering van die boeke van die onderneming, by die gedentraliseerde fabriek

sal moet plaasvind.

2.1.7 Koste van opleiding.

Die bepaling van die koste van opleiding is seker die moeilikste bepaalbaar van alle kostenadele, aangesien daar so baie onbekende faktore by betrokke is.

Eerstens is dit moeilik om te bepaal wat die mate van geskooldheid of ongeskooldheid van die beskikbare arbeid is en hoe lank dit sal neem om die arbeiders tot so 'n mate op te lei dat hulle produkte produseer wat verkoop kan word, sonder dat die beeld van die onderneming daardeur skade sal ly. Die nyweraar wat die ingewikkeldheid al dan nie van sy produksieprosesse ken, behoort hier 'n redelike akkurate beraming te kan doen en dit sal altyd raadsaam wees as hy, by die bepaling van die opleidingsperiode, aanvaar dat die beskikbare arbeidsmag absoluut ongeskool is in selfs die mees elementêre produksieproses.

Tweedens moet daar voorsiening gemaak word dat daar moontlik van die masjinerie en toerusting gedurende die opleidingsproses, as gevolg van die onkunde van die arbeiders, kan breek en dus addisionele koste ten opsigte van herstelwerk en verlore produksietyd kan meebring.

Derdens is daar die koste van die materiaal en grondstowwe wat in die opleidingsperiode gebruik word en wat afgeskryf moet word as gevolg van foute in die finale produkte.

Om die koste van opleiding te beperk tot die absolute minimum, sal dit vir die nyweraar miskien lonend wees om die produksieprosesse in die mees elementêre prosesse op te breek, en om vooraf 'n spesiale opleidingsprogram uit te werk.

'n Ander moontlikheid wat die nyweraar gewoonlik meer sal kos, maar op die lange duur vrugte sal afwerp, is om aanvanklik in die fabriek in die Tuisland net opleiding te onderneem, terwyl die volle produksie in die Blankegebied voortgesit word. Soos die opleiding vorder, kan die prosesse dan verskuif word met 'n geleidelike vermindering in produksie en arbeiders in die Blankegebied en 'n toename in die Tuislandfabriek.

2.1.8 Koste om huidige personeel te behou.

Geen onderneming kan van 'n Blankegebied na 'n Tuisland verskuif sonder 'n Blanke kernpersoneel nie. Die produksiebestuurder, toesighouers en voormanne sal vir ten minste die aanvangsjare uit Blankes moet bestaan. Dit sal vir die onderneming van onskatbare

waarde wees as die huidige Blanke kernpersoneel bereid sal wees om saam met die onderneming te verskuif. Daar kan egter nie verwag word dat gevestigde persone so 'n verskuiwing sal onderneem, sonder addisionele vergoeding nie. Hierdie saak moet dus vooraf met die personeel bespreek word en daar moet vooraf bepaal word wat dit die onderneming addisioneel sal kos om hierdie personeel te behou.

Indien die huidige personeel nie bereid is om te verskuif nie, moet die nyweraar beseef dat hy in elk geval groter salarisse sal moet betaal om nuwe personeel na die Tuislande te trek. Ook die koste in hierdie geval moet so noukeurig as moontlik bepaal word.

2.1.9 Koste van Verspreidingsdepot.

Die koste van bogenoemde sal van onderneming tot onderneming afhang. In gevalle, soos bv. 'n meubelfabrikant, is dit noodsaaklik dat die onderneming 'n vertoonlokaal en 'n verspreidingsdepot naby sy mark sal hê, aangesien die moontlike klante in baie gevalle nie bereid sal wees om 50 tot 120 kilometer te ry om na die produkte van die onderneming te gaan kyk nie. Die koste aan so 'n verspreidingsdepot, wat duidelik 'n addisionele

koste van die verskuiwing is, moet dus in berekening gebring word.

2.2 Nie-meetbare kostenadele:

In die voorafgaande deel van hierdie hoofstuk het dit gegaan oor die meetbare kostenadele, wat in 'n mindere of meerdere mate bereken kan word. Daar is egter ook nadele waarvan die omvang gladnie bepaal kan word nie en wat wel 'n invloed op die kostestruktuur van die onderneming op die langtermyn sal hê.

Eerstens is daar, as gevolg van die feit dat geen Blanke-onderneming grond in 'n Tuisland mag besit nie, die nadele van die moontlike appresiasie van grond en geboue. Met die styging van die waarde van grond en geboue die afgelope jare, het grond en geboue van die mees waardevolle bates van ondernemings geword. Die grond en geboue van ondernemings is ook een van die grootste bronne van sekuriteit vir eksterne finansiering op die kort-sowel as die langtermyn. Met die verskuiwing na 'n Tuisland bestaan hierdie bronne egter nie meer nie.

Tweedens is daar die afgesonderdheid van die Blanke bestuur en kernpersoneel. Daar moet aanvaar word dat hierdie personeel noodwendig sekere dinge sal moet ontbeer. Sommige hiervan sal egter met die tyd, soos die desentralisasie momentum

kry, verval. Hier word veral gedink aan die ontspanningsfasiliteite, skole, kerke en winkelsentra.

Derdens mag die feit dat die onderneming nou verder van die afsetmark en die verbruiker sal wees, ook 'n invloed hê op die verkope en die maandelike aanvaarding van die produkte, veral as die fabrikant nie in voeling kan bly met die verbruikersvoorkeure nie.

2.3 Samevatting:

Die kostenadele wat hierbo bespreek is, is die nadele wat tot 'n mindere of meerdere mate vir alle ondernemings geld. Elke nyweraar moet egter bepaal of daar nie spesifieke nadele is, wat slegs vir sy besondere onderneming geld nie.

Alle maandelike kostenadele moet bepaal, en sover maandelik, bereken word om te kan bepaal of die verskuiwing na 'n Tuisland ekonomies geregverdig is. Daar sal bv. baie gou bepaal kan word, by die berekening van die vervoerkoste van grondstowwe en klaarprodukte van 'n vervoerintensiewe produk, of dit ekonomies is om te verskuif.

Uit eie ondervinding by ondersoeke wat gedoen is, is gevind dat baie nyweraars die verskuiwing bloot wil gebruik om goedkoop finansiering te probeer bekom en nie die ekonomie van die verskuiwing in ag neem nie.

Aangesien bogenoemde kostenadele as basis gebruik word vir die bepaling van die konsessies, is dit die moeite werd om die nadele deeglik te bepaal, aangesien die nyweraar tog sal poog om die grootste moontlike konsessies te bekom.

3. KOSTEVOORDELE

By 'n verskuiwing na 'n Tuisland is daar ook spesifieke kostevoordele wat ook in 'n mindere of meerdere mate meetbaar is. Die nyweraar moet ook hierdie voordele in aanmerking neem wanneer hy bepaal of die proposisie ekonomies is, en ook by die bepaling van die koste na verskuiwing. Die belangrikste van hierdie kostevoordele is:

3.1 Huur van grond en geboue:

Die Korporasies onderneem om 'n gebou, volgens die nyweraar se eie spesifikasies, op te rig en dan die grond en gebou aan die onderneming te verhuur - normaalweg teen 'n redelike lae koers. Hier is dus 'n besliste berekenbare kostevoordeel, aangesien die huurkoers gewoonlik heelwat laer is as die heersende huurkoerse. Die huurkoers word gewoonlik na 'n sekere periode hersien, maar sal, volgens die huidige desentralisasiebeleid, nie meer as 2½% bokant die heersende reserwebankkoers wees nie, wat normaalweg nog laer is as die bougenootskapskoerse.

3.2 Lenings vir masjinerie en bedryfskapitaal:

Die lenings, wat aan nyweraars toegestaan word vir die aankoop van masjinerie en vir bedryfskapitaal, is ook gewoonlik teen 'n verlaagde rentekoers. Hiermee word bedoel dat die rentekoers gewoonlik heelwat laer is as die heersende uitleenkoers van geld. Die voordeel hiervan kan dus maklik bereken word deur die verskil tussen die toegestaande rentekoers en die algemene koers van toepassing op daardie stadium te bereken.

3.3 Arbeidskoste:

Die lone wat in die Tuislande vir arbeiders betaal word, is ook heelwat laer as die lone wat aan Bantoe-arbeiders in Blanke gebiede betaal word. Die nyweraar moet dus probeer uitvind wat die loontariewe is wat op die huidige in die betrokke Tuislandgebied betaal word, om te kan bepaal wat die kostevoordeel ten opsigte van sy arbeidskoste sal wees. By die berekening van hierdie kostevoordeel moet die opleidingskoste asook die produktiwiteit van die arbeiders in ag geneem word. Indien die onderneming arbeidsintensief is, kan arbeidskoste van so 'n kardinale belang wees dat dit 'n groot invloed kan uitoefen op die kostestruktuur van die onderneming in geheel, asook op die winspotensiaal.

3.4 Loonwetgewing:

Vir die uitbouing van 'n gesonde nywerheidstelsel en die ontwikkeling van 'n eie loonpeil in die Tuislande, is daar sekere aanpassings in die nywerheidswetgewing gemaak wat besliste voordele vir die nyweraars inhou, alhoewel die kostevoordele nie in alle gevalle meetbaar is nie.

Eerstens is die Wet op Nywerheidsversoening No. 28 van 1956, en daarmee alle maatreëls wat ingevolge daardie wet ingestel is, opgeskort.

Tweedens is alle loonvasstellings wat ingevolge die Loonwet No. 5 van 1957 gemaak is, opgeskort en laastens is die Wet op Vakleerlinge, No. 37 van 1944, opgeskort.

Hierdie opskortings geld egter net ten opsigte van ondernemings in die Tuislande en hier moet elke nyweraar vir homself bepaal of dit vir sy onderneming enige voordele inhou.

3.5 Onderhoudskoste van geboue:

Aangesien Blanke nyweraars geen eiendomsreg in die Tuislande kan hê nie, is hulle ook nie verantwoordelik vir die normale instandhoudingskoste van die geboue nie. Daar moet egter duidelik verstaan word dat die nyweraar wel aanspreeklik sal wees vir onderhoud wat gedoen moet word as gevolg van enige nalatigheid aan die kant van sy

werknemers, asook buitengewone onderhoud as gevolg van sy spesifieke produksieprosesse. Dit sal dus altyd raadsaam wees om tog voorsiening te maak vir 'n bedrag vir onderhoudskoste.

In die geheel gesien, behoort die nyweraar egter 'n redelike kostevoordeel ten opsigte van onderhoudskoste van geboue te hê.

3.6 Waardevermindering op geboue:

Hier het die nyweraar 'n besliste kostevoordeel, aangesien daar nie geboue is waarop waardevermindering afgeskryf moet word nie.

3.7 Beleggingstoelae ten opsigte van masjinerie:

Die maksimum beleggingstoelae wat aan 'n nywerheid toegestaan word ten opsigte van nuwe masjinerie, aangekoop vir die Tuislandfabriek, is 50% van die aankoopsprys teenoor 15% in Blankegebiede. Die nyweraar het dus hier 'n voordeel van 35% op die aankoopsprys van nuwe masjinerie waarop hy nie belasting betaal nie; op die huidige stadium beteken dit 'n besparing van 43% op 35% van die aankoopsprys.

3.8 Besparing op kapitaal:

Aangesien die nyweraar nie self sy eie geboue finansier nie, is die kapitaal, wat andersins daarvoor gebruik sou moes word, nou beskikbaar vir

ander finansieringsdoeleindes en bespaar hy dus minstens die rente op die kapitaal wat in die geboue opgesluit sou wees. Teen die huidige boupryse kan hierdie besparing nogal aansienlik wees.

3.9 Tendervoorkeure:

Indien enige deel van die onderneming se produksie aan die Staat gelewer word op 'n tenderbasis, kan die tendervoorkeure wat aan die nyweraar toegestaan is, eerstens 'n groter inkomste aan die onderneming gee en tweedens, in gevalle waar prysmededinging sterk is, tot gevolg hê dat die onderneming die tender verkry bloot op grond van die prysvoorkeur.

3.10 Samevatting:

Dat daar definitiewe kostevoordele by 'n verskuiwing van 'n onderneming na 'n Tuisland is, blyk duidelik uit bogenoemde. Elke nyweraar wat 'n verskuiwing oorweeg, moet hom dus deeglik vergewis van die kostevoordele en die voordeel daarvan in berekening bring by die bepaling van die ekonomie van die beoogde verskuiwing.

4. SLOTOPMERKING

Die bepaling van die kostenadele en -voordele, soos bespreek in hierdie hoofstuk, is slegs die begin vir die bepaling van die kostestruktuur van 'n onderneming wat in 'n Tuisland wil vestig. Om die winsgewendheid

van die onderneming in die Tuisland te bepaal en begrotings op te stel vir 'n aantal jare, moet ander belangrike koste-items soos bv. koste van materiaal, asook ander faktore soos voorraadvlakke, debiteursinvorderingsperiodes en krediteursbetaalperiodes, bepaal word om die begrotings en winspotensiaal so akkuraat moontlik te bereken.

In die volgende hoofstuk sal dus gepoog word om 'n basis, aan die hand van historiese koste- en finansiële-analise, te vind, waarop die begrotings gebaseer kan word.

KOSTE- EN FINANSIËLE ANALISE

1. INLEIDING

Uit ondersoeke na die ekonomiese lewensvatbaarheid van ondernemings, wat beplan om na 'n Tuisland te verskuif, is gevind dat daar selde voldoende, indien enige, kostegewens en -rekords bestaan. In 20 ondernemings wat ondersoek is, het slegs een van 'n standaard kostestelsel gebruik gemaak en behoorlike kosterekords gehou. In geen een van die gevalle is daar gebruik gemaak van vooruitbeplannings ten opsigte van koste, winste en kontantbegrotings nie.

Oor die algemeen is gevind dat die meeste van die ondernemings 'n boekhouer in diens het wat die finansiële boeke, bestaande uit die kasboek, debiteurs-, krediteurs- en algemene grootboeke, opskryf. In sommige gevalle word van eksterne ouditeure gebruik gemaak wat jaarliks, en met uitsondering, halfjaarliks, die boeke opskryf en finale rekeninge opstel.

Om van hierdie gegewens begrotings op te stel om die koste en wins van die onderneming na verskuiwing te bepaal, is 'n baie moeilike taak. Deur 'n analise en verwerking van die koste en finansiële gegewens, soos vervat in die vervaardigingsrekening, wins- en verliesrekening en balansstaat, kan 'n basis verkry word waarop die begrotings gebaseer kan word. In hierdie hoofstuk word die verwerking en analise van die finale rekeninge bespreek en toegelig.

2. ANALISERING EN VERWERKING VAN VERVAARDIGINGSREKENING

2.1 Die doel van die verwerking

Die doel van die verwerking is om die grondstof-koste, arbeidskoste en die ander vervaardigingskoste van verkope vir 'n bepaalde periode, gewoonlik 'n finansiële jaar, te bepaal, om sodoende 'n basis te verkry waarmee begrotings op 'n vinnige en eenvoudige metode bereken kan word.

Om die begrotings so akkuraat moontlik te doen, moet so veel as moontlik van die voorafgaande jare se vervaardigingsrekenings verwerk word, om te bepaal of daar 'n vaste patroon of afwykings is.

Uit ondersoek wat gedoen is, is gevind dat daar 'n merkwaardige ooreenkoms is tussen dieselfde soorte bedrywe wat betref die veranderlike koste, soos grondstof- en arbeidskoste, per R1 verkope. Indien veranderlike fabrieksbokoste bepaal word, is die ooreenkoms hier gewoonlik ook waarneembaar. Die gegewens, wat uit die verwerking en analisering verkry word, vergemaklik die opstel van die begrotings.

2.2 Vervaardigingsrekening

Normaalweg word die vervaardigingsrekening, in die geouditeerde state, in die onderstaande vorm aangebied:

Voorraad soos op 1/1/19 ..	170	
<u>Plus</u> Aankope	560	
<u>Plus</u> Spoorvrag-in	<u>10</u>	740
<u>Min</u> Voorraad soos op 31/12/19..		<u>210</u>
Koste van materiaal		530
Fabriekslone		350
<u>Fabrieksboekoste:</u>		100
Waardevermindering	20	
Water en krag	10	
Huur	20	
Herstelwerk	10	
Ens.	<u>40</u>	
		<u>R980</u>

Hierdie vervaardigingsrekening toon die materiaal-koste, lone en boekoste van die totale produksie vir die periode.

Daar moet dus met inagneming van voorraadbewegings, verwerkings gedoen word om die koste van die goedere verkoop, te bepaal.

2.3 Addisionele inligting

Voordat met die verwerking begin kan word, moet heelwat addisionele inligting, wat normaalweg nie in die finale state getoon word nie, verkry word. Die inligting is wel in die boeke van die onderneming beskikbaar, of kan deur een of meer van die bestuursman verskaf word.

Inligting wat addisioneel verkry moet word, is onder andere die volgende:

2.3.1 Voorraad:

Soos aangetoon in bostaande vervaardigingsrekening, word voorraad normaalweg slegs aangetoon as een totaal, sonder om dit te skei in die verskillende elemente van voorraad. Dit geld vir begin- sowel as eindvoorrade. Om in staat te wees om die koste van materiaalverbruik en arbeid te bepaal, moet die begin- en eindvoorraad van grondstowwe bekend wees.

Die totale voorrade moet dus geskei word in

GRONDSTOWWE

ONVOLTOOIDE WERK

VOLTOOIDE GOEDERE

Inligting in verband met bogenoemde elemente van voorraad is gewoonlik beskikbaar, terwyl dit baie selde in finale state verskyn.

2.3.2 Basis van voorraadwaardasie

Die basis waarop die voorrade - elkeen van die elemente - gewaardeer word, moet verkry word. Daar moet ook bepaal word of die basis van waardasie nie gedurende die laaste aantal jare, en veral die jare wat ontleed sal word, verander het nie. Indien dit verander het,

moet die datum, nuwe basis en die rede vir die verandering verkry word. Daar is hoofsaaklik drie metodes waarop onvoltooide werk en voltooide goedere gewaardeer word, met verskillende variasies van die metodes, nl.:

- (a) Waardasies teen direkte veranderlike produksiekoste alleen (hoofsaaklik grondstowwe - ander koste, insluitend lone, is selde direk veranderlik met produksie) of
- (b) Waardasie teen totale fabriekskoste met die eenheidskoste gebaseer op die huidige produksiekapasiteit of
- (c) Waardasie teen totale fabriekskoste met die eenheidskoste gebaseer teen volle produksiekapasiteit.

Die volgende voorbeeld illustreer bogenoemde metodes van waardasie:

Bedryfsresultate

	<u>R</u>	<u>Eenhede</u>
Kapasiteit	-	200
Produksie	-	150
Verkope	100	100
Materiaal verbruik	75	
Fabriekskoste (Insluitend lone)	15	
Administratiewe koste	5	

Waardasie:

Teen direkte koste: 50c per eenheid (R75 materiaal + 150 eenhede geproduseer) dit wil

sê 50 eenhede voorraad @ 50c is R25.

Teen fabriekskoste gebaseer op huidige produksie: 60c per eenheid (R75 materiaal plus R15 fabriekskoste + 150 eenhede geproduseer) dit wil sê 50 eenhede voorraad @ 60c is R30.

Teen fabriekskoste gebaseer op volle produksie: 45c per eenheid R75 materiaal plus R15 fabriekskoste + 200 eenhede) dit wil sê 50 eenhede voorraad @ 45c is R22-50.

Die mees algemene variasie op bogenoemde, is die waardering van voorraad teen direkte koste, plus fabriekskoste, plus administratiewe koste, gedeel deur die aantal eenhede geproduseer. Volgens bostaande voorbeeld sal die waarde van voorraad dus $R64-14$ ($R95 + 150$)_wees.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat die basis waarop die voorrade gewaardeer word 'n invloed op die materiaalkoste van verkoopte goedere sal uitoefen.

2.3.3 Produkmenngsel- en prysveranderinge

In byna geen geval word daar in 'n fabriek slegs een produk vervaardig nie. In 'n meubelfabriek word daar bv. 3 tipes sitkamerstelle, 2 tipes slaapkamerstelle en 1 eetkamerstel vervaardig, wat beteken dat daar in werklikheid

6 hoofprodukte bestaan. Die materiaalinhoud van elk van hierdie produkte verskil van mekaar. Daar word, byna sonder uitsondering geen individuele koste en verkope van elke produk in die praktyk gehou nie.

Dit is dus belangrik om te bepaal of daar nie gedurende die periode wat ontleed sal word, enige verandering in die produkmengsel, of pryse van die produkte plaasgevind het nie. Sulke veranderinge kan 'n invloed uitoefen op die materiaalinhoud van verkope in die geheel, en moet in aanmerking geneem word.

2.4 Metode van verwerking

Die verwerking is alleen daarop ingestel om aansuiwerings te doen ten opsigte van die materiaal koste, arbeidskoste en fabrieksbokoste, om die werklike koste van verkope te bepaal. Indien die waardasie van die onvoltooide werk en voltooide goedere op die basis van totale fabriekskoste, met eenheidskoste gebaseer op die huidige produksiekapasiteit, gedoen is en die voorrade, soos aangetoon in die gepubliseerde vervaardigingsrekening (vgl. 2.2 op bl 37), uit die volgende elemente bestaan

	<u>Beginvoorraad</u>	<u>Eindvoorraad</u>
Grondstowwe	R 80	R100
Onvoltooide werk	60	40
Voltooide goedere	<u>30</u>	<u>70</u>
TOTAAL	<u>R170</u>	<u>R210</u>

word die verwerking soos volg gedoen:

	(i) Koste	(ii) % van vervaardiging. koste
Materiaal verbruik	R 550	55
Beginvoorraad van grondstowwe	R80	
Plus aankope	560	
Plus Spoorvrag-in	<u>10</u> 650	
Min Eindvoorraad van grondstowwe	<u>100</u>	
Fabriekslone	350	35
Fabrieksbokoste	100	10
Koste van vervaardiging (Voor aansuiwering)	<u>R1 000</u>	<u>100</u>

Die beweging tussen die begin- en eindvoorraad van die onvoltooide werk en die voltooide produkte, word soos volg bereken:

	<u>Onvoltooide Werk</u>	<u>Voltooide Produkte</u>
Beginvoorraad	R60	R30
Min Eindvoorraad	<u>40</u>	<u>70</u>
Beweging in voorraad	(+) R20 (iii)	(-) R40 (iv)

In hierdie voorbeeld is die verhouding, waarin die bewegings in voorrade verdeel word, dieselfde as die waarin die koste-elemente tot die totale vervaardigings-

koste staan, omdat die voorraad gewaardeer is op die basis van totale fabriekskoste. Die aansuiweringe word soos volg gedoen:

		Totaal	Materiaal	Arbeid	Fabrieks- bokoste
Verhouding	(ii)	100%	55%	35%	10%
Onvoltooide werk	(iii)	(+) R20	(+) 11	(+) 7	(+) 2
Voltooide goedere	(iv)	(-) 40	(-) 22	(-) 14	(-) 4
Koste van vervaardiging	(i)	+ 1 000	(+) 550	(+) 350	(+) 100
Aangesuiwerde koste van vervaardiging t.o.v. verkope		(+) 980	(+) 539	(+) 343	(+) 98

Die totale aangesuiwerde koste van vervaardiging is dieselfde as die koste van vervaardiging soos aangetoon in die gepubliseerde vervaardigingsrekening (vergelyk par. 2.2, bl 37). Die verskille is opgesluit in die elemente van die koste van vervaardiging nl.

	<u>Gepubliseerde koste van vervaardiging</u>	<u>Aangesuiwerde koste van Verkope</u>
Koste van materiaal	R530	R539
Fabriekslone	350	343
Fabrieksbokoste	100	98
TOTAAL	<u>R980</u>	<u>R980</u>

3. SAMESTELLING VAN VERVAARDIGINGS-, WINS- EN VERLIES-REKENING.

Voordat met die samestelling van die vervaardigings-rekening en die wins- en verliesrekening begin word, moet daar eers 'n analise van die verkoopsyfer, soos aangetoon in die gepubliseerde wins- en verliesrekening, gedoen word. Die verkoopsyfer, wat gebruik word in die saamgestelde vervaardigings-, wins- en verlies-rekening, moet die netto verkoopsyfer wees. Hiermee word bedoel die verkope, na verkoopsbelasting en terugsendings en voor kontant diskonto's.

Die verkoopsbelasting moet uitgesluit word, omdat dit 'n veranderlike syfer is, wat nie noodwendig dieselfde sal bly vir die toekoms nie. Wat kontant diskonto's betref, bly die persentasie wat toegestaan word normaalweg dieselfde, maar die aantal klante wat daarvan gebruik maak, kan van maand tot maand wissel, sodat die kontant diskonto, uitgedruk as 'n persentasie van verkope, van periode tot periode aansienlik kan verskil.

Alhoewel daar by die bepaling van die toekomstige winsgewendheid van die onderneming vir elke administratiewe- en verkoopskoste-item afsonderlik begroot sal word, word die saamgestelde vervaardigings-, wins- en verliesrekening slegs totaalsgewys opgestel.

3.1 Saamgestelde vervaardigings-, wins- en verliesrekening

Die wins- en verliesrekening, soos normaalweg gepubliseer, en die vervaardigingsrekening, soos ver-

werk (vgl. par. 2.4 bl 42), word nou soos volg saamgestel:

Netto Verkope	<u>R....</u>	(a)
<u>Min</u> Materiaalkoste		(b)
Arbeidskoste	<u>....</u>	(c)
Bydrae	<u>....</u>	(d)
<u>Min</u> Veranderlike Fabrieksbokoste		
Vaste Fabriekskoste		
Admin- en Verkoopskoste	<u>....</u>	
Netto wins		
<u>Plus</u> Ander inkomste	<u>....</u>	
Netto wins (voor belasting)		(e)
<u>Min</u> Belasting	<u>....</u>	
Netto wins (na belasting)		
<u>Min</u> Dividende	<u>....</u>	
Onverdeelde wins oorgedra	<u>R....</u>	

Alhoewel arbeidskoste in Suid-Afrika in baie gevalle 'n vaste koste is, dit wil sê nie direk veranderlik is met produksie nie, word dit in hierdie verwerking as 'n veranderlike koste beskou. Dit maak die begroting, hoewel ietwat konserwatief, meer realisties, aangesien die nyweraar gewoonlik beoog om 'n groot aantal Bantoes in diens te neem, sonder inagneming van wat verkoop kan word.

3.2 Die doel van die samestelling

Die doel van die samestelling is om sekere verhoudings te bepaal, wat as basis gebruik kan word om begrotings op te baseer. Die volgende verhoudings moet bepaal word:

3.2.1 Materiaalkoste tot netto verkope:

Hierdie verhouding word verkry deur materiaal-koste te deel deur die netto verkope en word uitgedruk as 'n persentasie, nl.

$$\frac{b}{a} \times 100\%$$

Hierdie verhouding moet vir 'n aantal van die afgelope finansiële jare bereken word, om 'n moontlike neiging of patroon te bepaal. Indien groot afwykings in die verhoudings voorkom, moet die rede daarvoor gesoek word. Die mees algemene oorsaak vir afwykings is 'n verandering in die produkmengsel en/of prysveranderinge.

3.2.2 Fabriekslone tot netto verkope:

Hierdie verhouding word verkry deur die fabriekslone te deel deur die netto verkope en word uitgedruk as 'n persentasie, nl.

$$\frac{c}{a} \times 100\%$$

Die patroon wat hierdie verhouding oor die afgelope jare gevolg het, maak dit moontlik om, met inagneming van die goedkoper arbeid

wat in die Tuislande beskikbaar is, 'n realistiese basis te kry waarop begrotings gebaseer kan word.

3.2.3 Bydrae tot netto verkope:

Hierdie verhouding word verkry deur die bydrae te deel deur die netto verkope en word as 'n persentasie uitgedruk, nl.

$$\frac{d}{a} \times 100\%$$

3.2.4 Netto wins (voor belasting) tot netto verkope:

By die bepaling van hierdie verhouding word die netto wins (voor belasting) uitgedruk as 'n persentasie van die netto verkope, nl.

$$\frac{e}{a} \times 100\%$$

Hierdie verhouding toon hoofsaaklik die winsgewendheid van die verlede.

4. BALANSSTAAT

4.1 Inleiding

Die balansstaat moet vanaf die normale gepubliseerde vorm verwerk word in 'n vorm, waarin vergelykings en begrotings maklik gedoen kan word. Die belangrikste rede waarom die metode, soos hieronder aangetoon, gebruik word, is omdat dit terselfdertyd ook die kontantposisie van die onderneming aantoon. Die begrote balansstaat word dus gebruik om die

kontantvloei te bepaal. Omdat die eie fondse, wat die aandeelhouders in die onderneming belê het, van kardinale belang is, word lenings, wat deur aandeelhouders en direkteure aan die onderneming voorgeskiet is, in die verwerking behandel as aandeelhoudersfondse. Die aandeelhoudersfondse, soos in die jongste balansstaat aangetoon, word gebruik om die bedrag, wat van die Korporasies geleen kan word, te bepaal.

4.2 Metode van verwerking

Die gepubliseerde balansstaat word in die volgende vorm verwerk:

BALANSSTAAT SOOS OP 28 FEBRUARIE 19 ..

<u>Vaste Bates (na waardevermindering)</u>	<u>R....</u>
-Masjinerie en toerusting	
-Motorvoertuie	
-Meubels en Toebehore	
<u>Beleggings</u>	<u>....</u>
-Filiale	
-Ander	
-Belastingsheffings	
<u>Bedryfsbates:</u>	<u>....</u>
-Kontant	
-Debiteure	
-Voorraad	
-Lenings: Direkteure	
: Ander	
<u>Totale Bates:</u>	<u>R....</u>
<u>Bedryfslaste:</u>	<u>....</u>
-Bankoortrekking	
-Krediteure	
-Belasting en Doeane	
<u>Langtermyn lenings:</u>	<u>....</u>
-Lenings van Korporasies	
-Ander	
<u>Aandeelhoudersfondse:</u>	<u>....</u>
-Aandelekapitaal	
-Direkteurs/Aandeelhouderslenings	
-Reserwes	
-Opgehoopte winste	
<u>Totale Laste:</u>	<u>R....</u>
<u>Tekort aan fondse:</u>	<u>R....</u>

Die volgende verhoudings behoort uitgewerk te word
om vergelykings en begrotings moontlik te maak:

Verhoudings: ¹⁾

Bedryfskapitaalverhouding

Vuurproefverhouding

Korporasie lenings/Aandeelhoudersfondse en lenings ²⁾

Invorderingsperiode

Krediteursbetaalperiode

Voorraadomsaetsnelheid

Opbrengs op Aandeelhoudersfondse

4.3 Addisionele inligting

By die bepaling van bogenoemde verhoudings, word addisionele inligting feitlik sonder uisondering benodig, hoe volledig 'n balansstaat ookal skyn te wees. Die addisionele inligting, wat uit die boeke van die onderneming verkry moet word, is die volgende:

4.3.1 Uitstaande debiteurs- en krediteurstotale:

Die maandelikse bedrae van uitstaande debiteure en krediteure vir die periode wat geanaliseer word, word benodig, eerstens om die gemiddelde debiteursinvorderingsperiode en die krediteurs-betaalperiode, en tweedens om enige seisoens- of ander fluktuasies te bepaal.

1) Vir die metode van berekening van die verhoudings, word u verwys na "Practical Financial Statement Analysis" deur R.A. Foulke.

2) Hierdie verhouding word verkry deur die lening van die Korporasie as 'n persentasie van die aandeelhoudersfondse plus die lening van die Korporasie uit te druk en moet in geen geval meer as 50% wees nie.

4.3.2 Bank oortrekkingsfasiliteite

Die maksimum bank oortrekkingsfasiliteite, asook die sekuriteit gegee vir die fasiliteite, word benodig vir die bepaling van die kontant-vloei in die onderneming.

Die addisionele inligting wat benodig word, sal van onderneming tot onderneming verskil, maar is in alle gevalle verkrygbaar.

5. SLOT OPMERKING:

In die praktyk is die analisering van die historiese koste- en finansiële gegewens van 'n onderneming, in baie gevalle die enigste metode om 'n basis te verkry, waarop die begrotings gebaseer kan word. Daar is gewoonlik nie kosterekords beskikbaar waarvan belangrike inligting soos eenheidskoste, materiaalkoste en arbeidskoste per produk verkry kan word nie.

Die analisering van historiese koste- en finansiële gegewens, is egter nie voldoende om die koste en winsgewendheid van die onderneming vir die toekoms te bepaal nie. Ander inligting, waarvan die volgende die belangrikste is, moet ook verkry word:

Kapitaalbegroting

Tipe, grootte en koste van geboue benodig

Produksie-kapasiteit

Markaandeel en -groei

In die volgende hoofstuk sal die metode, soos in hierdie hoofstuk besprek, toegelig word aan die hand van die inligting van 'n onderneming wat na 'n Tuisland verskuif het.

HOOFSTUK V

PRAKTIESE TOEPASSING IN DIE MEUBELBEDRYF

1. INLEIDING

'n Praktiese toepassing van die bepaling van die kostestruktuur en winsgewendheid, soos in die voorafgaande hoofstukke bespreek is, word in hierdie hoofstuk aan die hand van inligting van 'n meubelfabriek, wat besluit het om na 'n Tuisland te desentraliseer, geïllustreer.

Die onderneming - A.B.C. meubelvervaardigers (Edms.) Bpk. - is in 'n suidelike voorstad van Johannesburg geleë en vervaardig hoofsaaklik kabinetmeubels vir die laer en middel inkomste groepe. Die onderneming opereer reeds die afgelope 20 jaar in hierdie bedryfstak. Die verneamste redes wat die onderneming beweeg om te verskuif, is die tekort aan Bantoe-arbeid en verder dat dit deur wetgewing verbied word om sekere operasies deur Bantoes te laat doen. Met die verskuiwing na 'n Tuisland, sal hierdie probleme oorbrug kan word.

Soos reeds genoem, verskil die kostevoordele en -nadele, wat met 'n verskuiwing gepaard gaan, van onderneming tot onderneming. Daar is selfs groot verskille by ondernemings van dieselfde bedryfstak in dieselfde gebied. Daar word in hierdie toepassing aanvaar dat die kostevoordele en -nadele, soos bespreek in hoofstuk III, reeds bepaal is, en volledigheidshalwe word dit hier net in totaal, soos dit aan die Desentralisasieraad vir die berekening van konsessies voorgelê is, aangegee.

Die hervestigingsverlies, soos bepaal, is:

(a) Addisionele vervoerkoste - eerste 5 jaar - vir grondstowwe en voltooide produkte	R32 240
(b) Idem vir 6de tot 10de jaar op basis van $\frac{1}{2}$ gemiddelde eerste 5 jaar	16 120
(c) Addisionele koste van herstel en onder- houdkoste van masjinerie en toerusting	2 520
(d) Koste van addisionele voorraad	1 220
(e) Koste van depot en vertoonlokaal vir eerste 5 jaar	7 200
(f) Koste om huidige personeel te behou	4 500
Totale koste van hervestiging	R63 800

Daar is verder bereken dat die verskuiwingskoste ongeveer R16 000 sal beloop en gevolglik is daar verder aansoek gedoen vir 'n kontantskenking van R16 000.

Die konsessies, soos dit deur die Desentralisasie-raad bereken en deur die Minister van Finansies goedgekeur is, word aangetoon in Bylaag A (vgl. bl. 95).

Om die kostestruktuur en die winsgewendheid van A.B.C. Meubelvervaardigers (Edms.) Bpk. te bepaal, is die ondersoek in die volgende hoofde ingedeel en sal in die volgorde hieronder bespreek word.

Ontleding van koste en finansiële gegewens

- Begrotings - Verkoopsbegroting
- Kapitaal- en produksiebegroting
- Koste- en finansiëlebegroting.

2. TOEPASSING EN VERWERKINGS TEN OPSIGTE VAN A.B.C. MEUBELVERVAARDIGERS (EDMS.) BPK.

2.1 Ontleding van koste en finansiële gegewens:

Uit beskikbare gegewens het dit geblyk dat die laaste noemenswaardige verandering in die produkmengsel van die onderneming gedurende die 1967 finansiële jaar plaasgevind het. Daar is dus besluit om die geouditeerde finale rekeninge van 1968, 1969 en 1970 te gebruik vir die analisering en verwerking van die koste en finansiële gegewens. Bylae B tot D toon hierdie finale rekeninge soos gepubliseer. (Vgl. bl. 96 tot 110).

2.1.1 Addisionele inligting

Eerstens is vasgestel dat grondstofvoorraad teen kosprys en onvoltooide werk en voltooide produkte teen totale fabriekskoste van werklike produksie gewaardeer word en tweedens dat die totale voorraad, soos in die balansstate aangetoon word, soos volg in die verskillende elemente verdeel kan word:

31 Desember	1967	1968	1969	1970
Grondstowwe	31 442	34 350	54 595	58 325
Onvoltooide werk	6 545	12 975	8 740	9 972
Voltooide produkte	3 995	10 930	6 852	4 011
Totaal per Balansstaat	R41 982	R58 255	R70 187	R72 308

2.1.2 Verwerking van Vervaardigingsrekeninge:

Die vervaardigingsrekeninge van 1968, 1969 en 1970, soos vervat in Bylae B tot D, (vgl. bl. 98 , 104 en 109), is soos volg verwerk om die aansuiwering ten opsigte van voorrade te doen. Die fabrieksbokoste word hier verdeel in veranderlike en vaste bokoste om dit moontlik te maak om die gelykbrekingspunt van die onderneming te bepaal. Die doel hier is nie om te besluit watter bokoste vas en watter veranderlik is nie, maar slegs om die beginsel van die bepaling van die gelykbrekingspunt te illustreer.

Vervaardigingskoste:

31 Desember	1968	%	1969	%	1970	%
<u>Materiaal verbruik:</u>	207 831	60	248 577	58	343 631	61
Beginvoorraad -						
Grondstowwe	31 442		34 350		54 595	
Plus aankope	210 739		268 822		347 361	
Min Eindvoorraad -	242 181		303 172		401 956	
Grondstowwe	34 350		54 595		58 325	
Lone	111 226	32	138 383	32	170 594	30
<u>Veranderlike fabriekskoste:</u>	11 620	3	17 645	4	13 238	3
Fabrieksonkoste	1 945		3 147		326	
Water en krag	1 833		2 596		4 198	
Verpakking	880		1 759		1 477	
Herstelwerk	5 924		8 042		5 887	
Verversings	1 038		2 101		1 350	
<u>Vaste fabriekskoste:</u>	17 009	5	27 056	6	34 563	6
Waardevermindering	2 069		4 882		4 447	
Assuransie	900		2 100		1 906	
Huur - geboue	14 040		15 000		19 200	
Huur - masjiene	-		5 074		7 009	
Skadeloosstelling	-		-		2 001	
Koste van vervaardiging	<u>R347 686</u>	100	<u>R431 661</u>	100	<u>R562 026</u>	100

Die bewegings in onvoltooide werk en voltooide goedere is die volgende:

31 Desember	1968		1969		1970	
	Onvol- tooide Werk	Voltooide goe- dere	Onvol- tooide Werk	Voltooide goe- dere	Onvol- tooide Werk	Voltooide goe- dere
Beginvoor- raad	R6 545	3 995	12 975	10 930	8 740	6 852
Min Eind- voorraad	12 975	10 930	8 740	6 852	9 972	4 011
Beweging	6 430-	6 935-	4 235+	4 078+	1 232-	2 841+

Die aansuiwering om die koste van vervaardiging ten op-
sigte van verkope te bepaal, is dus:

Desember 1968	Totaal	Materiaal	Lone	Verander- like kos- te	Vaste Bokos- te
% (vgl. bl. 58)	100	60	32	3	5
Onvoltooide werk	- 6 430	- 3 858	- 2 058	- 193	- 321
Voltooide goedere	- 6 935	- 4 161	- 2 219	- 208	- 347
Koste van ver- vaardiging (vgl. bl. 58)	+347 686	+207 831	+111 226	+11 620	+17 009
Aangesuiwer- de koste van vervaardiging	R334 321	R199 812	R106 949	R11 219	16 341
<u>Desember 1969</u>					
% (vgl. bl. 58)	100	58	32	4	6
Onvoltooide werk	+ 4 235	+ 2 456	+ 1 355	+ 170	+ 254
Voltooide goedere	+ 4 078	+ 2 365	+ 1 305	+ 163	+ 245
Koste van ver- vaardiging (Vgl. bl. 58)	431 661	248 577	138 303	17 645	27 056
Aangesuiwer- de koste	R439 974	R253 398	R141 043	R17 978	27 555

Desember 1970	Totaal	Materiaal	Lone	Verander- like bo- koste	Vaste Bo- koste
% (vgl. Bl. 58)	100	61	30	3	6
Onvoltooide werk	- 1 232	- 752	- 370	- 36	- 74
Voltooide goedere	+ 2 841	+ 1 733	+ 852	+ 85	+ 171
Koste van ver- vaardiging (vgl. bl. 58)	562 026	343 631	170 594	13 238	34 563
Aangesuiwer- de koste van vervaardiging	R563 635	R344 612	R171 076	R13 287	R34 660

Met die aangesuiwerde koste van vervaardiging beskik-
baar, is die saamgestelde vervaardigings-, wins- en ver-
liesrekening opgestel.

2.1.3 Samestelling van vervaardigings-, wins- en verliesrekening:

Die verkope, soos aangetoon in die geoudi-
teerde rekeninge, is die netto verkope na
verkoopsbelasting en voor enige diskonto's.
Alle verkope geskied op 'n kredietbasis. Die
termyn van die betalings wissel van 30 dae
tot 120 dae, met die grootste gedeelte teen 30
dae na maandstate.

Die wins- en verliesrekeninge van 1968, 1969
en 1970, soos aangetoon in bylae B tot D
(vgl. bl. 98, 103 en 108), is saam met
die aangesuiwerde koste van vervaardiging soos

volg saamgestel:

Saamgestelde vervaardigings-, wins- en verliesrekening
(R'000)

31 Desember	Geouditeerde syfers		
	1968	1969	1970
Netto verkope	R416,7	R528,9	R706,9
Materiaalkoste	199,8	253,4	344,6
Arbeidskoste	106,9	141,0	171,1
Veranderlike fabrieksbokoste	11,2	18,0	13,3
Totale Direkte koste	317,9	412,4	529,0
Grensinkomste:	98,8	116,5	177,9
Vaste fabrieksbokoste	16,3	27,6	34,7
Administratiewe- en verkoopskoste	73,1	75,2	82,7
Totale vaste koste	89,4	102,8	117,4
Bedryfswins	9,4	13,7	60,5
Ander inkomste	7,6	8,9	7,2
Netto wins (voor belasting)	17,0	22,6	67,7
Min: Belasting	6,2	9,2	27,0
Dividende	8,0	4,0	8,0
Onverdeelde wins	2,8	9,4	32,7
<u>Verhoudings:</u>	%	%	%
Materiaalkoste/verkope	48	48	49
Arbeidskoste/verkope	26	27	24
Veranderlike Fabrieksbokoste/verkope	3	3	2
Grensinkomste/verkope	23	22	25
Nettowins (voor belasting)/verkope	4	4	10
Gelykbrekingspunt	R377,0	R467,0	R467,0

2.1.4 Kommentaar

Uit bogenoemde materiaal tot verkope verhouding kan dus gesien word dat die materiaal-koste ten opsigte van elke R1 verkope gedurende die afgelope drie jaar hoogstens 49c was. Dit vorm dus 'n baie goeie basis waarop die materiaal-koste vir die toekoms begroot kan word. Wat die arbeidskoste tot verkope verhouding betref, was daar gedurende die 1970 finansiële jaar 'n vermindering van 3%. Dit is teweeg gebring deur die installering van 'n paar outomatiese masjiene in die masjienwarkwinkel en die verwagting is dat die verhouding in die toekoms nie hoër as die 24% van 1970 sal styg nie.

By die ander verhoudings het nie noemenswaardige veranderinge plaasgevind nie, behalwe vir die aansienlike styging in die netto wins persentasie. Die verhoging moet toegeskryf word aan die feit dat die verkope vir 1970 aansienlik hoër as die gelykbrekingspunt was.

2.1.5 Die Balansstaat

Die balansstate, soos aangetoon in bylae B tot D (Vgl. Bl. 96, 101 en 106) is soos volg verwerk om vergelykings moontlik te maak:

Belansstaat soos op 31 Desember 19 .. (R'000)

Geouditeerde Syfers

	1968	1969	1970
<u>Vaste Bates</u> (na waardever- minging)	R 25,1	R 37,5	R 39,8
-Diefalarm	0,1	-	-
-Meubels en Toebehore	2,9	4,9	5,2
-Motorvoertuie	3,1	1,8	1,3
-Masjinerie en toerusting	19,0	30,8	33,3
<u>Beleggings</u>	38,6	51,7	49,7
-Maatskappye	25,9	38,8	39,7
-Belastingheffing	0,8	0,8	1,5
-Lenings aan direkteure	11,9	12,1	10,0
<u>Bedryfsbates</u>	139,9	191,8	206,3
-Voorraad: Grondstowwe	34,4	54,6	58,3
: Ander	23,9	15,6	14,0
-Debiteure	68,8	112,3	130,7
-Personeellenings	3,7	4,6	2,8
-Kontant	5,9	2,7	0,5
-Belasting vooruitbetaal	3,2	2,0	-
TOTALE BATES:	203,6	281,0	297,3

Geouditeerde syfers

	1968	1969	1970
<u>Bedryfslaste</u>	R 29,6	R 66,0	R 139,2
-Oortrokke bank	19,5	17,8	56,4
-Krediteure	10,1	37,5	51,0
-Doeane	-	10,7	12,4
-Belasting	-	-	19,4
<u>Lang termynlenings:</u> ^{a)}	58,0	89,6	-
<u>Aandeelhoudersfondse:</u>	116,0	125,4	158,1
-Aandelekapitaal	4,0	92,0	92,0
-Kapitaalreserwe	88,0	-	-
-Onverdeelde wins	24,0	33,4	66,1
TOTALE LASTE:	R203,6	R281,0	R297,3

Verhoudings:

Bedryfskapitaalverhouding	4,7:1	2,9:1	1,5:1
Vuurproefverhouding	2,6:1	1,8:1	1,0:1
Invorderingsperiode (mnde)	2,0	2,5	2,2
Krediteursbetaalperiode ^{b)}	0,6	1,8	1,8
Opbrengs op aandeelhouders-fonds c)	15%	18%	43%

-
- a) Die langtermynlening is verkry vanaf een van die verskaffers van die grondstowwe en is gedurende 1970 in geheel afgelos, toe reëlings getref is vir bank oortrekkingsfasiliteite van R80 000.
- b) Die syfer is verkry deur die krediteure te deel deur die gemiddelde maandelikse aankope van grondstowwe.
- c) Hierdie syfer is verkry deur die netto wins voor belasting te deel deur die aandeelhoudersfondse.

Hiermee is die analisering en verwerking van die historiese koste en finansiële gegewens afgehandel en kan daar oorgegaan word na die opstelling van begrotings, om sodoende te bepaal wat die koste en winste van die onderneming na die verskuiwing sal wees.

2.2 Begrotings

Voordat met die begrotings begin kon word, moes die datum en metode waarop die beoogde verskuiwing sal plaasvind, eers bepaal word. In die geval van A.B.C. Meubelvervaardigers (Edms.) Bpk. is besluit dat die verskuiwing gedurende Januarie 1972 sal geskied. Verder word beoog om die masjienafdeling oortyd te laat werk vir minstens drie maande voor die beplande verskuiwing, om sodoende addisionele onderdele vir ten minste een maand se voorraad te vervaardig. Daar word dan beplan om eerste die monteerafdeling te verskuif, sodat die opgehoopte onderdele dan onmiddellik in die Tuisland gemonteer kan word.

Daar word beoog om die verskuiwing in geheel binne drie weke af te handel. Hierdie beoogde metode is realisties en behoort maklik deurgevoer te word, aangesien die onderneming twee jaar gelede 'n soortgelyke verskuiwing na die huidige perseel met sukses uitgevoer het.

2.2.1 Verkoopsbegroting

A.B.C. Meubelvervaardigers (Edms.) Bpk.

vervaardig hoofsaaklik kabinet-tipe meubels,
wat in die volgende kategorieë geklassifiseer
word:

Hangkaste (alle tipes)	60%
Spieëltafels	25%
Eetkamerstelle	5%
Ander	<u>10%</u>
	100%

Dieselfde tipe produkte, met min of meer dieselfde produkmen-
sel, sal ná die verskuiwing
vervaardig word.

Die mededinging in die marksektor waarin
A.B.C. meeding, is baie sterk en strek oor
'n groot aantal fabrikante. A.B.C. het egter
'n stewige houvas op ongeveer 2% van die mark
en alle aanduidings is dat die onderneming ten
minste sy mededingende posisie in die toekoms
sal kan handhaaf en ook dat hy die potensieel
besit om sy markaandeel te verhoog.

Die S.A. Mark: (R'000)

	Werklik				Begroot		
31 Desember	1967	1968	1969	1970	1971	1972	1973
S.A. Mark	25 500	27 500	30 000	30 000	31 500	33 000	34 700
Groei per jaar - %	-	8	9	0 ^{a)}	5 ^{a)}	5	5

a) Die afname en stadiger groei daarna, toe te skryf aan die
instelling van huurkoopbeperkings.

Die vraag in die mark groei bestendig en weinig indirekte mededinging word oor die korttermyn verwag.

Bemaking word gedoen in die kleinhandel deur die besturende direkteur self, 2 verkoopsmanne en agente. Goeie betrekkinge word gehandhaaf met die kleinhandelsake, waarvan die volgende die belangrikste is:

O.K. en Rheingold
Russel en Kie.
Lubner Bros.
Volks Meubileerders.

Navrae het getoon dat die klante baie tevrede is met die produkte, pryse en diens en dat daar na verskuiwing steeds op groot skaal met die onderneming sake gedoen sal word.

Verkope: (R'000)

31 Desember	Werklik			Begroot		
	1968	1969	1970	1971	1972	1973
Verkope - A.B.C.	417	529	707	650	650	750
Groei per jaar %	-	27	34	-8 ^{a)}	0 ^{b)}	15 ^{c)}

- a) Daar word verwag dat die huurkoopbeperkings 'n nadelige invloed op die verkope sal hê.
- b) Die verskuiwingsjaar.
- c) Hierdie groei word teweeg gebring deur die groter produksiekapasiteit.

Omdat die produktiwiteit, asook die periode van opleiding van die Bantoe-arbeiders in die Tuisland, 'n redelike onbekende faktor is, word daar nie verwag dat daar enige groei in verkope in die jaar van verskuiwing sal wees nie.

Gesien in die lig van die feit dat die werklike verkope van die vyf maande, geëindig 31 Mei 1971, R253 940 beloop het, dit wil sê ± R50 000 per maand, is die begroting van R650 000 vir 1971 realisties.

2.2.2 Kapitaal- en produksiebegroting:

Grondstowwe

Fineer spaanderbord maak huidig ongeveer 70% van die materiaalkoste uit, terwyl die ander 30% hoofsaaklik bestaan uit verskeie houtsoorte, verf, lym, handvatsels, spieëls, ens. Die hout en spaanderbord word hoofsaaklik verkry vanaf Knap Timbers en Federated Timbers en geen probleme word voorsien om grondstowwe in die toekoms te verkry nie.

Die bestuur van A.B.C. Meubelvervaardigers (Edms.) Bpk. beplan om die spaanderbord in die Tuisland self te fineer, sodra hulle gevestig is.

Grond en Geboue

Die huidige fabrieksgeboue word gehuur teen 'n bedrag van R19 200 per maand, dit wil sê R6,69 per M², en bestaan uit die volgende:

Produkciearea	2583,5 M ²
Kantore en toilette	185,8 M ²
Ablusieblok	102,2 M ²
Totaal	2871,5 M ²

Daar word beplan dat die fabriek in die Tuisland gehuur sal word teen 'n koste van R15 600, dit wil sê R3,77/M², en uit die volgende sal bestaan:

Produkciearea	3716,0 M ²
Kantore en toilette	185,8 M ²
Ablusieblok	232,3 M ²
Totaal	4134,1 M ²

Verder is daar 1,7 ha. grond vir die onderneming in die betrokke Tuisland gereserveer. Die beraamde koste van die beoogde fabriek word getoon in Bylae E (Vgl. bl. 111).

Toerusting

Die grootste deel van die masjinerie wat tans in gebruik is, is nog geskik vir gebruik in die Tuisland en slegs 'n paar van die ouer masjiene sal vervang moet word.

Die addisionele masjinerie en toerusting wat wel aangekoop sal word, sal uitsluitlik gebruik word om geskoolde arbeid uit te skakel en om 'n redelike groot gedeelte van die grondstowwe wat gebruik word self te vervaardig. Die kapasiteit van die aanleg sal dus relatief tot omset nie baie verhoog nie.

Die totale bykomende belegging vir masjinerie en toerusting sal nie meer as R120 000 beloop nie.

Arbeid

